

12 Mei

'n Blywende aansien

Skrifgedeelte: Spreuke 22 (NAV)

Fokusgedeelte: Spreuke 22:6

Deur al die eeue heen was die mens se aansien vir hom belangrik. Ander se mening word gereeld gevra wanneer ek oor myself 'n waardebeepaling wil maak. In die eerste vier verse van Spreuke 22 word die waarde van iemand wat opreg voor die Here lewe, pragtig beskryf.

Die samesteller van die Spreuke gaan in vers 7 weer daarmee voort. Dit lyk of hy sy onderwysing hieroor in vers 5 en 6 kortliks onderbreek. In vers 5 waarsku hy oor oneerlikheid en in vers 6 stel hy 'n waarheid wat al in Deuteronomium 6:7 gegee is – jy moet God se gebooe by jou kinders inskerp. Hieruit word dit duidelik dat die kweek van 'n regte verhouding en gesindheid reeds by kinders moet begin. Deur gereelde onderwysing word 'n gewoonte gevestig wat in die mens se lewe steeds aanwesig is, selfs nadat hy al begin oud word.

Ons bejaardes het daarom die wonderlike voorreg om ons kinders te beïnvloed. Om leiding aan jong mense te gee, beteken dat daar sekere waardes by hulle ingeoefen moet word. Die leiding waarna die wysheidskrywer in vers 6 verwys, vra daarom inspanning en toewyding. Sodanige leefwyse word ook beloon. Selfs wanneer iemand begin ouer word, en die kragte en soveel ander dinge begin afneem, sal die onderrig en leiding van vervloë dae nooit verdwyn nie.

Na die heerlike beloning in vers 6 gaan die Spreukeskrywer voort om onderrig oor die regte verhouding teenoor God en jou naaste te gee. Dit lyk asof die onderrig wat hy gee, juis die boustene vorm om die regte fondament vir 'n geseënde bejaarde lewe te verseker. Die vrugte van jou lewe as jongmens bepaal juis die aansien wat u kan geniet as u ouer word.

Treffend sluit vers 29 af met die versekering dat iemand wat opreg lewe, aansien sal geniet.

Sing: Psalm 119:1, 4 (1936-beryming)

Ds. Petrus J van Blerk (Vereeniging-Oos)